

Vrywillige geloftes aan die Here (OP63)

Num 30:1-16

24 Oktober 2021

Laasweek het ons die geleentheid gehad om na Num 28 en 29 te kyk. Daar het ons 'n beskrywing gevind van die ruggraat van die aanbidding wat die Here vir die volk voorgeskryf het wanneer hulle in die beloofde land sou kom. Dit het voorskrifte bevat vir daaglikse, weeklikse en maandelikse offers, asook die offers wat tydens vyf jaarlikse feeste gebring moes word. Hierdie offers was die minimum offers wat die volk moes bring, dit was verpligtend dat die volk al hierdie offers moes bring. Ons het egter ook in Num 29:39 gelees dat bo en behalwe al hierdie voorgeskrewe offers, kon die volk nog addisionele vrywillige offers bring, asook offers wat hulle moes bring as deel van geloftes wat hulle gemaak het. Num 30 brei uit op hierdie hele saak van geloftes, asook die offers wat hiermee gepaard gaan.

Geloftes moet gehou word (Num 30:1-2)

Vers 1-2 bevat die essensie van die argument rondom geloftes. Moses vertel die leiers van die volk wat die Here beveel het rakende geloftes. Die bevel van die Here is eenvoudig en duidelik: As iemand 'n gelofte aan die Here gedoen het, of as hy 'n eed gesweer het om hom van sekere dinge te onthou, mag hy sy woord nie breek nie, nee, hy moet doen wat hy beloof het. In Afrikaans beskryf ons 'n belofte aan die Here as 'n gelofte. Dit is duidelik uit vers 2 dat die beloftes waarvan hier gepraat word, beloftes aan die Here is, en daarom kan ons dit met reg vertaal as geloftes.

Vers 2 maak melding van beide 'n gelofte en 'n eed. Kommentatore wat besin het oor die vraag of daar 'n verskil is tussen die twee terme, kom tot die gevolgtrekking dat die inhoud basies dieselfde is. Wat ons wel kan onderskei is dat daar twee tipes inhoud in 'n gelofte of eed kan wees: Eensyds kan die persoon wat die gelofte aflê, beloop om iets te doen, baie dikwels het dit ingehou dat so 'n persoon onderneem het om 'n spesifieke offer aan die Here te bring. Andersyds kan die gelofte inhoud dat die persoon onderneem om homself sekere voorregte te ontsê, m.a.w. om te onderneem om sekere dinge nie te doen nie – dinge wat onder normale omstandighede heeltemal aanvaarbaar sou wees om te doen. Dus, 'n gelofte kon wees om sekere dinge te doen wat die persoon andersins nie sou doen nie, of om sekere dinge nie te doen nie wat die persone andersins wel sou doen.

Let ook op dat enigiemand 'n gelofte kon aflê. Uit die res van die hoofstuk is dit duidelik dat mans, vrouens en selfs kinders wat steeds onder die toesig van hulle ouers leef, sulke geloftes kon aflê. Maar hierdie geloftes was vrywillig – die gelofte as sulks was nie 'n voorskrif van die Here nie. Wat wel 'n voorskrif van die Here was, was dat as iemand so 'n gelofte afgelê het, was dit bindend – nou moes die persoon alles doen wat hy beloof het.

Lees Pred 5:1-6. Die prediker redeneer op 'n soortgelyke wyse as wat ons in Num 30 lees. In vers 1 waarsku die prediker dat ons nie oorhaastig geloftes aan die Here moet maak nie. Die rede hoekom ons versigtig moet wees, is: Want God is in die hemel en jy op die aarde. In vers 2 waarsku die prediker ons dat ons die gevaar loop om juis wanneer ons besig raak en opgewonde raak oor sekere dinge wat ons wil vermag of waaroor ons droom, dan, in die hitte van die oomblik, maak ons beloftes aan God: As God dit of dat sal laat gebeur, dan sal ek.... Of: Tot God dit of dat sal laat gebeur, sal ek nie.... Wat die prediker uitlig is dat jy mooi moet dink voor jy dit doen, want as jy beloof het, moet jy betaal (vers 3). As dit later blyk dat jy nie kan doen wat jy beloof het, sal dit blyk jy was eenvoudig ligsinnig (NAV), die OAV sê jy was dwaas, want jy het vergeet God is in die hemel en jy op die aarde.

Onthou, hierdie geloftes is vrywillig. Daarom kan Pred 5:4 ons leer dit is beter om nie te beloop nie, as om te beloop en nie te betaal nie. Hier is 'n rangorde: Om nie te beloop nie, is beter as om te beloop en nie te betaal nie. (Ons sal netnou uit Num 30 sien daar is verdere rangordes wat ons in gedagte moet hou as ons oor vrywillige geloftes praat).

In Num 28-29 het die Here 'n reeks voorskrifte gegee oor offers en feeste wat die volk moes hou. Hierdie voorskrifte was verpligtend. As jy 'n vrywillige gelofte aflê – alhoewel die aflê daarvan vrywillig was, na jy die gelofte afgelê het, is dit net so 'n verpligting op jou as die voorskrifte wat die Here in Num 28-29 gegee het.

Hoekom word hierdie voorskrif juis op hierdie punt, terwyl die volk op die Moabsvlakte is, gegee? Ek glo die belangrikste rede is omrede dit aanvullend is tot Num 28-29. Die voorgeskrewe offers en feeste het die ruggraat gevorm van die volk se aanbidding, maar dit kon aangevul word met vrywillige geloftes en offers – wat die inhoud van Num 30 is. Maar daar is ook ander redes: Die aflê van 'n gelofte het gewoonlik ingehou dat 'n offer aan die Here gebring moes word. So 'n offer is tipies tydens die jaarlikse feeste gebring wanneer die volk by die tempel bymekaar gekom het. Verder is die volk op die punt om die beloofde land in te neem, wat gepaard sou gaan met 'n periode van oorlog. Dit is dikwels tydens die moeilike tye wat met oorlog gepaard gaan, dat persone geloftes aflê. Dink byvoorbeeld aan die vroue uit die stamme wat oos van die Jordaan hulle grondgebied sou ontvang: Hierdie vroue het alleen agtergebly, terwyl hulle mans saam met die res van die volk die land sou gaan inneem – dit is omstandighede waartydens persone geloftes sal wil aflê. Nog 'n rede is dat net soos ons in Num 6 gesien het hoe die Here by Sinai die volk voorberei het om die beloofde land in te neem deur met hulle te praat oor die erns van 'n Nasireërsbelofte, netso, nou dat die Here besig is om hulle op die Moabsvlakte voor te berei om die land in te neem, praat Hy met hulle oor die erns van vrywillige geloftes.

Kom ons kyk na 'n paar Bybelse voorbeelde van geloftes wat afgelê is:

- Gen 28:19-22 – Hier is dit Jakob wat 'n gelofte afgelê het na hy by Bet-El gedroom het. Tydens die droom het die Here die verbondsbeloftes aan Abraham aan Jakob herhaal (v13-15). Toe Jakob wakker word was hy onder die indruk van die teenwoordigheid van die Here op daardie plek, en die volgende more lê hy 'n eed af dat as die Here hom sal bewaar op sy reis en veilig laat terugkeer, sal die Here sy God wees en die klip wat hy regop gesit het, sal 'n tempel wees, en hy sal van al sy besittings 'n tiende aan die Here gee. In Gen 35 lees ons dat Jakob teruggekeer het Bet-El toe na aanleiding van die belofte. Daar is 'n siening dat Jakob hier 'n voorwaarde aan die Here gestel het, en dat hy slegs in die Here sal glo indien die Here hom veilig terugbring. Ek wil eerder glo dat Jakob na sy droom onder die indruk was van die Here se teenwoordigheid en verbondsbeloftes, en dat hy homself deur sy gelofte verbind het om dit nie te durf vergeet tydens sy reis nie, maar om eerder bewustelik op te let na die versorging van die Here, sodat hy met sy terugkoms die Here daarvoor erkenning kan gee. Sodoende word die gelofte 'n geleentheid van groei vir Jakob, en 'n geleentheid om die Here te loof.
- Ons het 'n wyle gelede in detail gekyk na die aflê van 'n Nasireërsbelofte, in Num 6. Hierdie belofte kon vrywillig afgelê word deur enige persoon, man of vrou. Die inhoud was dat die persoon hom op 'n besondere manier aan die Here gewy het vir 'n sekere periode. Dit was egter nie 'n ligtelike saak nie – die implikasies van die aflê van so 'n belofte was beduidend: die persoon moes hom weerhou van enige vorm van vrug van die druiwestok, hy mog nie sy hare sny gedurende die periode nie, hy mog gedurende die periode nie naby 'n lyk kom nie. Aan die einde van die periode van afsondering was daar verskeie offers wat nodig was: 'n

lam as brandoffer, 'n lam as sondeoffer, 'n ram as maaltydoffer en 'n beweegoffer. Weereens is dit duidelik, deeglike oorweging was nodig voor so 'n gelofte afgelê word.

- In Rigters 11:30-31 het ons die gelofte wat Jefta afgelê het toe hy teen die Ammoniete oorlog gevoer het. Hy het beloop as die Here aan hom die oorwinning gee, sal hy die persoon wat hom eerste uit sy huis tegemoet kom, aan die Here as 'n brandoffer offer. Ons weet dat die Here aan hom die oorwinning gegee het, en dat sy dogter hom eerste tegemoet gekom het, en gevolglik moes hy haar offer. Ek is oortuig ons het hier 'n voorbeeld van 'n onverantwoordelike gelofte – waarteen Prediker 5 ons waarsku.

Wat van onverantwoordelike geloftes? (Num 30:3-16)

Die harde realiteit is dat as die verantwoordelikheid aan mense gegee word om vrywillige geloftes aan die Here te maak, bestaan die moontlikheid dat so 'n gelofte onverantwoordelik gemaak word. Ons sien dit in Jefta se gelofte. Ons sien ook reeds iets daarvan in Pred 5:5-6, as die punt gemaak word dat as iemand 'n onverantwoordelike gelofte afgelê het, sal hy na die priester toe moet gaan en erken: "Ek het my vergis". Dit is geen geringe saak nie – immers sê vers 5 dit verwek die toorn van God. Dit is juis waarom jy so versigtig moet wees om 'n gelofte af te lê.

Maar wat moet nou gedoen word indien so 'n onverantwoordelike gelofte wel afgelê is. Die saak word in Lev 27 hanteer. Lees Lev 27:1-4. Die punt is dat daar sekere loskoopwaardes vasgestel was wat nou betaalbaar was. Die hoofstuk beskryf wat die waarde was as 'n man, 'n vrou, 'n dier, 'n huis of 'n stuk grond aan die Here gewy was. Ons gaan nie in detail na die waardes kyk nie, maar tipes was die waarde 20% hoër as wat die loskoopwaarde was. Duidelik was hier 'n negatiewe implikasie vir die persoon wat die onverantwoordelike gelofte gemaak het, wat weereens onderstreep jy moet nie oorhaastig so 'n besluit neem nie.

Dit bring ons by die res van Num 30. Soos ons gesien het, kon mans en vrouens geloftes aan die Here maak. Maar in vers 3-16 maak die Here dit duidelik dat daar sekere voorskrifte is wat moet geld indien 'n vrou 'n gelofte aflê. Hier word na vier gevalle verwys:

- Vers 3-5: As dit 'n jong vrou is wat nog ongetroud en in haar ouerhuis is, miskien selfs nog minderjarige is, wat 'n gelofte aflê, het haar pa die geleentheid om beswaar te maak. As hy nie beswaar maak nie, staan die gelofte. As hy egter wel beswaar maak, word die dogter van die gelofte onthef, en die Here sal haar vergewe dat sy nie die gelofte gehou het nie.
- Vers 6-8: As 'n vrou sou trou nadat sy reeds 'n gelofte afgelê het, het haar man die geleentheid om beswaar te maak. Indien hy beswaar wil maak, moet hy dit op dieselfde dag doen wat hy hoor van die gelofte wat sy gemaak het. In so 'n geval word die gelofte nietig verklaar. Indien hy egter nie beswaar maak nie, staan die gelofte, en moet sy dit nakom.
- Vers 9: As 'n vrou 'n weduwee is of geskei is, staan sy nie onder die gesag van 'n man of haar pa nie. Gevolglik is alle geloftes wat sy maak, van krag – soos wat die geval is indien 'n man 'n gelofte sou aflê.
- Vers 10-15: As 'n getroude vrou 'n gelofte maak, het haar man die geleentheid om beswaar te maak. As hy nie beswaar maak op dieselfde dag dat hy hoor van die gelofte nie, is die gelofte van krag. As hy egter beswaar maak sodra hy daarvan hoor, word die gelofte nietig verklaar. As die man egter 'n geruime tyd neem om te besluit om beswaar te maak, word die vrou onthef van die verantwoordelikheid, maar hy dra die skuld vir die feit dat die gelofte nie nagekom word nie.

In 'n humanistiese wêreld soos die wêreld waarin ons leef, is hierdie voorskrifte nie aanvaarbaar nie. Dit word gesien as diskriminasie teen vrouens, want mans en vrouens is immers gelyk. Ons moet

egter nie hierna kyk deur 'n 2021 humanistiese lens nie, maar wel deur die lens wat die Here vir ons gee. Kyk na die volgende:

- Die huwelik tussen 'n man en sy vrou is 'n skeppingsordonansie. Dit geld sedert Adam en Eva, en sal geld solank as wat die skepping bestaan. Volgens Gen 2:24 sal 'n man sy pa en ma verlaat, en hy en sy vrou sal een wees. Dit beteken hulle tree op soos een persoon. Dink aan die drie Persone in die Drie-Eenheid. Hulle tree op soos een Persoon. Hulle het dieselfde doel waarheen hulle werk. En tog het Elkeen 'n spesifieke rol. Dieselfde is waar in die huwelik: man en vrou moet dieselfde doel voor oë hê, maar elkeen het sy of haar rol.
- Alhoewel hulle een is, het die Here as Skepper dit so gewil dat die man die hoof van die vrou is – dit is die Godgegewe rol van die man. Die doel hiermee was nie om die humaniste van 2021 die harnas in te jaag nie, nee, die doel is dat dit 'n skadu moet wees van die verhouding tussen Jesus as die hoof en die kerk as Sy liggaam. Alhoewel Jesus en die kerk een is, een liggaam vorm, is Jesus alleen die hoof. Elke keer wat ons 'n huwelikspaar sien, moet ons hieraan herinner word. Hierdie is Godspenbaring waarvan humaniste niks verstaan nie, en waar humanistiese argumente irrelevant is.
- Die Here dink nie 'n vrou is minder bevoeg as 'n man om verantwoordelik 'n gelofte af te lê nie – ons sien dit as vers 9 vir ons duidelik maak dat as 'n weduwee of geskeide vrou 'n gelofte aflê, is dit netso geldig as wanneer 'n man dit aflê.
- Maar as 'n vrou in 'n huwelik is en dus onder die gesag van haar man staan, of as sy nog in haar ouerhuis is en onder die gesag van haar pa staan, het die man of die pa die verantwoordelikheid as hoof van die gesin om toesig te hou oor wat daar gebeur. Ons het gesien dat die aflê van 'n gelofte 'n ernstige saak is wat verreikende implikasies kan hê. Dink maar net as die vrou 'n Nasireërsbelofte sou aflê, hoe beduidend die implikasie op die huishouding sal wees, asook die finansiële implikasies in terme van die offers wat gebring moet word. Die man of die pa het dus die geleentheid om beswaar te maak.
- Nou kan jy redeneer maar as die man 'n gelofte aflê, kan daar net soveel implikasies vir die vrou wees, terwyl sy nie die geleentheid gegun word om beswaar te maak nie. En dit is so. Maar onthou ook die man het die verantwoordelikheid. Onthou hy het hierdie verantwoordelikheid voor die Here. As hy beswaar maak teen haar gelofte, staan hy verantwoordelik voor die Here dat hy gekeer het dat sy vrou 'n gelofte aan die Here afgelê het. Daarteenoor, hou die Here nie die vrou verantwoordelik vir enige geloftes wat haar man afgelê het, of vir die feit dat sy dit gestop het nie.
- Let ook daarop dat die Here van die man verwag om met dringendheid die saak te oorweeg, en uitsluitel te gee – op die dag wat hy daarvan hoor. En indien hy later van plan sou verander, dra hy die skuld vir sy vrou se gelofte wat nie betaal word nie, nie sy nie. Weereens, hierdie is nie 'n ligtelike saak nie. Dit verg dringende aandag van beide die vrou en die man.

Alhoewel die gevalle van ongetroude, jong getroude, getroude vroue asook weduwee en geskeide vrouens hanteer word in Num 30, is dit nie 'n volledige lys nie. Byvoorbeeld, wat van ouer vroue wat nooit getroud is nie? Of, wat van seuns – wanneer gaan die gesag van die pa oor na die seun self? Dit suggereer ons moet na die beginsel gaan soek wat onderliggend is aan die voorbeelde wat wel vir ons gegee word, en dan kan ons hierdie beginsel in ander gevalle gebruik wat nie spesifiek genoem word nie.

Ek het vroeër toe ons na Pred 5 gekyk het, na 'n rangorde verwys: Dit is beter om nie te beloop nie, as om te beloop en nie te betaal nie. Uit die voorbeelde in Num 30 blyk dit dat daar nog 'n rangorde

is wat ons in gedagte moet hou: 'n Direkte Godgegewe instelling, voorskrif of wet, dra meer gesag (is van 'n hoër orde) as 'n vrywillige gelofte deur 'n mens. Kom ek probeer verduidelik:

- Die huwelik met die gesagstruktuur van die man as hoof van die vrou, is 'n God gegewe instelling en daarom van 'n hoër rangorde as enige gelofte wat die vrou aflê. Haar geloftes is dus onderhewig aan die goedkeuring van haar man.
- Die gesagstruktuur van die man as die hoof van die gesin en die vyfde gebod wat vereis dat kinders hulle ouers moet gehoorsaam, is 'n Godgegewe instelling, en daarom van 'n hoër rangorde as enige gelofte wat 'n dogter aflê.

Nou kan ons die beginsel gebruik: As 'n seun wat steeds onder die direkte gesag van sy pa in die ouerhuis is, 'n gelofte sou aflê, is dit onderhewig aan die goedkeuring van die pa. Dit is wanneer hy uit die huis gaan en onder sy pa se direkte gesag uitskuif, dat hy persoonlik verantwoordelikheid vir sy geloftes aanvaar. En ons sou dieselfde beginsel kon gebruik vir 'n vrou wat ongetroud bly: as sy uitskuif van onder die direkte gesag van haar pa, neem sy self verantwoordelikheid vir haar geloftes.

Kom ons dink weer oor Jefta se gelofte. Daar is al baie gepraat oor wat dit beteken het dat hy die persoon wat hom tegemoet sou kom as brandoffer offer. Ek wil nie daarop ingaan nie. Maar as ons sou verstaan dat die implikasie was dat die persoon letterlik geoffer moes word, moet ons sê dat hier ook 'n geval is waar beginsels van 'n hoër orde, naamlik dat dit vir die Here 'n gruwel is om mense te offer, die nakoming van die gelofte moes staak. Dit is meer belangrik dat 'n beginsel van die Here nie oortree word nie, as dat Jefta sy persoonlike gelofte handhaaf. Sy onverantwoordelike gelofte kan egter steeds vir hom die toorn van die Here op die hals haal.

Implikasies

Kom ons besin oor 'n paar implikasies vir ons:

- Natuurlik moet ons versigtig wees om vrywillige geloftes voor die Here te maak. Ons moet die erns van so 'n gelofte verstaan: as ons beloop het, moet ons betaal. Al was die belofte vrywillig, die Here sien die noodsaak aan nakoming van die gelofte in dieselfde lig as voorskrifte wat Hy direk aan ons gegee het.
- Daar kan gevalle wees waar onverantwoordelike offers gemaak is. Die Here het selfs hiervoor begrip: Hy het vir ons voorskrifte gegee rakende loskoopwaardes, Hy het ook situasies beskryf soos binne die huwelik en die gesin waar Hy vir ons wys dat Sy opdragte en voorskrifte van 'n hoër rang is as ons geloftes, maar dit beteken nie ek kan nou maar roekeloos aangaan en geloftes maak nie. Onthou: Hy is in die hemel en jy op die aarde.
- Mans en pa's het 'n besondere verantwoordelikheid. Hulle moet dringend aandag gee aan enige geloftes wat binne hulle huishouding gemaak word. Hulle moet standpunt daarvoor inneem, en die Here hou hulle verantwoordelik vir hulle besluit. Hulle kan dit nie maar net veilig speel en alle geloftes stop nie – die Here hou hulle ook hiervoor verantwoordelik.
- Ek wil jou ook daaraan herinner dat jy waarskynlik al selfs geloftes aan die Here gemaak het: Dink aan jou troue, of toe jou kinders gedoop is, of toe jy tot geloof gekom het, of toe jy jou by 'n gemeente gevoeg het, of selfs toe jy in die hof verskyn het. Die Here wil dat hierdie geloftes nagekom word.
- Uit al bogenoemde mag dit klink of ons sover moontlik geloftes moet vermy. Maar dit kan 'n besonders verrykende ervaring wees om jouself te dwing om uit te voer wat jy beloop het, of 'n instrument wees waardeur jy jouself dwing om te fokus op die handeling van die Here, soos Jakob gedoen het by Bet-El.